DOOP

RIGLYNE

Ons gemeente se benadering t.o.v. doopdatums is dat ons normaalweg die eerste Sondag van die maand die doop bedien. Soms is daar versoeke van ouerpare dat hulle babatjies op 'n ander Sondag van die maand gedoop word en ons probeer dan daaraan voldoen, in die mate wat dit by ons program inpas. Indien daar dan ander ouerpare is wat ook daardie maand wil laat doop, versoek ons dat hulle by die datum wat dan reeds vasgestel is vir doop inval, of wag tot die volgende maand se eerste Sondag.

Ons werk t.o.v. die bediening van die doop volgens die volgende riglyne:

- Reëlings moet meer as 'n maand voor die beplande datum van doop met die predikant getref word.
- Doopouers moet 'n geleentheid bywoon waar ouers wat hul kinders wil laat doop meer inligting oor die doop ontvang, oor die betekenis van die doop gesels en hulleself kan vergewis van dit wat die doop van hulle vereis, volgens die beginsels wat deur ons gemeente oor die doop bely word.
- Die doop word slegs in uitsonderlike gevalle tydens meer as een erediens per maand bedien.
- Verskuiwing van die dag van doop vanaf die eerste Sondag van die maand vind by uitsondering plaas, in welke geval ooreenstemming bereik moet word met al die ouerpare wat hul kinders gedurende daardie maand wil laat doop.
- Die uitgangspunt bly steeds dat ouerpare wat hul kinders in die gemeente wil laat doop reeds aktiewe lidmate van die gemeente is en dat hulle hul geloof en verhouding met die Here Jesus Christus met oortuiging uitleef binne die gemeenskap en in al hul lewensverbande.

Ds André Fitzgerald: 082 855 0691